verlening in die vroeë stadiums van 'n konsolidasiefase in die Suid-Afrikaanse ekonomie neig egter tipies om te ontstaan uit 'n mengsel (en dus uit die somtotaal) van die toevlug wat sowel onbedoeld of "gedwonge" as uit vrye wil en planmatig tot die bankkredietverskaffing geneem word. Hierbenewens lyk dit waarskynlik dat die verhoging van sekere depositokoerse in September 1989, die verhoging van die Bankkoers en die daarmee gepaardgaande rentekoersaanpassings van 11 Oktober, en die markte se kommer gedurende 'n deel van November dat die rentekoers moontlik nog verder verhoog sou word, 'n mate van hernieuwe krag aan herintermediasiekynsels gegee het en ook beleggers se voorkeur vir likwiditeit in die vorm van deposito's op 'n hoë peil gehou het.

Die *kapitaalmarkte* was in die derde kwartaal en Oktober 1989 getuie van beduidend hoër omsette van effekte van die openbare sektor en van maatskappyaandele, van 'n relatiewe verskuiwing deur nie-inwonerverbeleggers vanaf aandele na effekte van die openbare sektor, en van 'n skerp insinking van die aandelepryse vanaf 16 Oktober, wat vanaf 27 Oktober deur 'n aamkerlike herstel van hierdie prysgevolg is.

Op die terrein van die *staatsfinansies* is daar gedurende die eerste twee kwartale van die fiskale jaar 1989/90 in sowel die skatkisuitreikings as die skatkisontvangste toenamekoerse aangeteken wat die ramings van die Begroting van Maart 1989 heelwat oorskry het. Die huidige projeksies dui daarop dat die uitendelige tekort vir die fiskale jaar in sy geheel heel moontlik minder as R8,0 miljard sal bedra, dit wil sê minder as 3,3 persent van die bruto binnelandse produk wat vir die betrokke periode van vier kwartale voorsien word.


Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die huidige ramings van die nasionale rekeninge, wat opwaartse hersienings insluit wat sedert publikasie van die Reserwebank se *Kwartaalblad* vir September 1989 aangebring is, toon dat die toename in die reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die jaar 1988 ietwat meer as $3\frac{1}{2}$ persent beloop het. Dit is in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 gevolg deur groei teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse (wat insgelyks opwaarts hersien is) van 2 persent en $1\frac{1}{2}$ persent. Die reële groei in die derde kwartaal van 1989 het volgens die huidige ramings 'n jaarvlak van ongeveer 1 persent bereik. Hierdie groeikoers duif derhalwe op 'n verdere verlangaming van die tempo van uitbreiding, en op 'n verdere afkoeling van die ekonomie in die algemeen, vanaf die boonste konjunktuurdraapunt wat vermoedelik aan die einde van 1988 of in die heel eerste paar maande van 1989 bereik is.

Die opwaartse hersiening van die reële groeikoers vir 1988 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan hersiene ramings van die reële toegevoegde waarde in die landbou en aan effens hoër koerse van uitbreiding in die

Reële bruto binnelandse produk



fabriekswese en die konstruksiebedryf as wat aanvanklik gemeet is. Die opwaartse hersiening van die totale reële produksie in die eerste twee kwartale van 1989 het eweneens die invloed weerspieël van die bykans ongeëwenaarde grootte van die mielie-oes wat in 1989 ingesamel is, asook van die feit dat 'n ongewoon groot gedeelte (naamlik 25 persent) van die ongeëwenaarde groot koringoes van 1988 eers in die eerste kwartaal van 1989 van die lande geneem is.

Die huidige ramings dui daarop dat die gemiddelde vlak van die reële bruto binnelandse produk in die eerste drie kwartale van 1989 sowat $2\frac{1}{2}$ persent hoër was as in die eerste drie kwartale van 1988. Die huidige vooruitskattings behels derhalwe dat die reële ekonomiese groeikoers vir die kalenderjaar 1989 in sy geheel wel nog 'n vlak van ongeveer 2 persent sal bereik.

Sektorale ontledings toon dat die reële groei in die hele ekonomie *buite die landbou* in die derde en die vierde kwartaal van 1988 sy hoogtepunt bereik het teen betreklik hoe jaarkoersvlakke van sowat 6 en 5 persent. Daarna het die totale reële nie-landbouproduksie in die eerste twee kwartale van 1989 egter in wese sywaarts beweeg en in die derde kwartaal beteken vol *afgeneem* teen 'n jaarkoers van 3 persent. Volgehoue positiewe reële groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die eerste nege maande van 1989 teen koerse wat vanaf matige tot uiteindelik baie beskeie vlakke *afgeneem* het, was dus in hoofsaak die gevolg van die meevaller van goeie landboustande; meer in die besonder was dit te danke aan 'n toename van meer as 50 persent in die mielie-oes van 1989 teenoor dié wat in 1988 ingesamel is.

Toenames is in die derde kwartaal van 1989 nog steeds aangeteken in die reële toegevoegde waarde van die sektor elektrisiteit, gas en water en van die algemene-owerheidsektor. Daarbenewens het die reële produksie van die mynbousektor – wat in die tweede kwartaal van 1989 grotendeels as gevolg van 'n daling in die fisiese produksie van goud 'n aanmerklike afname getoon het – in die daaropvolgende drie maande 'n mate van herstel getoon.



Min verandering het vanaf die tweede tot die derde kwartaal van 1989 in die reële produksie van die konstruksiebedryf en van die sektor finansiering, verskering, vaste eiendom en sakedienste voorgekom. In die handelsektor het die groei in die reële toegevoegde waarde van 4 persent in 1988 tot 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent in die eerste helfte van 1989 verlengsaam. Daarna het die reële toegevoegde waarde van hierdie sektor in die derde kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van ongeveer $7\frac{1}{2}$ persent *afgeneem*. Inkrimpings in die reële ekonomiese bedrywigheid in hierdie sektor is aangeteken in al sy onderafdelings met uitsondering van die sub-sektor verversingsdienste en akkommodasie. 'n Aansienlik bo-gemiddelde vermindering van die reële toegevoegde waarde is waargeneem in die motorhandel, wat in sy bedrywigheide deur probleme met die aanvoer en deur lae voorrade gekniehalter is.

In die fabriekswese het die reële produksie in die derde kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van nie minder nie as $8\frac{1}{2}$ persent *afgeneem*, hoofsaaklik as gevolg van produksievermindering in subsektore soos die chemiese nywerheid, die basiese-metaalbedryf en die vervaardiging van masjinerie en vervoertoerusting. Inkortings van die produksie in hierdie verskillende bedryfstakke was 'n weerspieëling van 'n verswakking van die reële binnelandse monetêre vraag sowel as van die kleiner fisiese omvang van die goedere-uitvoer. Sekere faktore aan die aanbokant het in hierdie verband egter ook 'n rol gespeel, soos die feit dat sekere vakbonde, by wyse van taktiese plaasvervangers vir die uitroep van volwaardige stakings, hul toevlug geneem het tot werkverlangsamingsveldtogte onder hul lede of 'n verbod op oortydwerk geplaas het. Die produksie in die fabriekswese is in die derde kwartaal van 1989 tot op sekere hoogte ook nadruklik getref deur die gedeeltelik suksesvolle verkiesingswegblyaksie van 5 en 6 September.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die eerste kwartaal van 1989 betreklik sterk toegeneem, naamlik teen 'n jaarkoers van $6\frac{1}{2}$ persent, maar in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 1 persent ge-

Reële bruto binnelandse besteding



daal. Daarna het dit in die derde kwartaal van 1989 in heelwat meer aanmerklike mate teruggesak teen 'n jaarkoers wat volgens die voorlopige ramings ongeveer $7\frac{1}{2}$ persent beloop het. Die gemiddelde vlak van die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste drie kwartale van 1989 het egter nog min verandering getoon vanaf die gemiddelde vlak wat in die eerste drie kwartale van 1988 bereik is.


Dalings kon in die derde kwartaal van 1989 waargenem word in al die hoofkomponente van die reële bruto binnelandse besteding met uitsondering van die reële private verbruiksbesteding (wat 'n meer nagenoeg horizontale verloop getoon het). Die reële binnelandse *finale vraag* (wat uit die reële private en owerheidsverbruiksbesteding en die reële bruto binnelandse vaste investering bestaan) het vanaf 1987 tot 1988 met ongeveer 5 persent gestyg en in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van byna 10 persent toegeneem. Daarna het dit in die tweede kwartaal van 1989 egter feitlik onveranderd gebly en in die daaropvolgende drie maande teen 'n jaarkoers van 2 persent gedaal.

Die groei in die totale *reële private verbruiksbesteding* het in 1988 'n vergelykenderwys baie stewige koers van byna 5 persent bereik maar in die eerste twee kwartale van 1989 progressief tot jaarkoerse van 2 en $1\frac{1}{2}$ persent verlangsaam. Daarna het die private verbruiksbesteding in die derde kwartaal sywaarts beweeg. Die totale reële private verbruiksbesteding is in die derde kwartaal van 1989 egter nog steeds op 'n betreklik hoë vlak gehandhaaf wat die teenhanger daarvan in die derde kwartaal van 1988 met sowat $2\frac{1}{2}$ persent oorskry het.

Huishoudings se reële besteding aan *duursame verbruiksgoedere* het in die loop van die eerste nege maande van 1989 gedaal/teen 'n versnellende pas wat in die eerste, tweede en derde kwartaal van die jaar op seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 2, 3 en $9\frac{1}{2}$ persent te staan gekom het. Hierdie bestedingsvermindering was onder andere 'n weerpieëling van die feit dat die matige toenames in die reële persoonlike beskikbare inkomme per hoof van die bevolking wat gedurende die grootste deel van 1988 ondervind is, geleidelik weggekwyn het, asook van die uitwerking wat vroeëre verskerpings van die huurkoopvoorwaardes op nuwe aankope gehad het. Daarbenevens is huishoudings se geneigdheid om nuwe verbruikerskuldverpligtings aan te gaan, verswak deur die groeiende finansiële las van hul maandelikse skuldversorgingsverpligtings, wat voortgespruit het uit die feit dat hoër rentekoerse (waaronder ook hoër verbandrentekoerse) met verdrag op die bestaande bedrag aan verbruikerskuld van toepassing geword het.

Ondanks die versnelling van die daling van kwartaal tot kwartaal in huishoudings se reële aankope van duursame verbruiksgoedere, was die gemiddelde vlak van die betrokke aankope in die eerste drie kwartale van 1989 nog slegs 2 persent laer as in die vierde

Reële private verbruiksbesteding



kwartaal van 1988, toe die konjunkturele opgangsfase van 1986-1988 ten einde geloop het. In teenstelling daarmee was die gemiddelde vlak van huishoudings se aankope van nuwe duursame verbruiksgoedere, wat die reële omvang daarvan betref, in die derde en die vierde kwartaal van 1984 en die eerste kwartaal van 1985 'n imponerende $32\frac{1}{2}$ persent laer as die vlak van hierdie soort aankope (wat destyds weliswaar buitengewoon hoog en gedeeltelik kunsmatig opgeblaas was) in die tweede kwartaal van 1984, toe die mini-boom van 1983-1984 sy slotstadium bereik het.

Onder die verskeie belangrike faktore wat help om die verskille tussen hierdie twee situasies te verklaar, moet ook genoem word dat die gemiddelde ouderdom van huishoudings se voorraad aan duursame verbruiksgoedere in 1988-1989 hoër was (en die waarde daarvan dus meer aanmerklik gedepresieer het, sodat die reële omvang daarvan verder ingekrimp het) as wat in 1984-1985 die geval was – 'n feit waarvan ook reeds in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag vir 1989* melding gemaak is. Die hoër gemiddelde leeftyd van huishoudings se huidige voorraad aan duursame verbruiksgoedere beteken 'n meer akut gevoelde behoefté aan en 'n sterker drang tot die vervanging en vernuwing van hierdie goedere. Die verminderde uitstelbaarheid van aankope met die oog op vervanging sal op sy beurt aanhou om in die periode wat voorlê 'n "vloer" onder die reële omvang van die betrokke aankope te plaas; die weerstand wat hierdie vloer bied, behoort groter te wees as wat in 1985 die geval was.

Die reële private verbruiksbesteding aan *semi-duur-*

same goedere het vanaf die tweede kwartaal van 1987 vir nege opeenvolgende kwartale betreklik bestendig gestyg, maar teen koerse wat in die eerste twee kwartale van 1989 verlangsaam het. Daarna het dit in die derde kwartaal van 1989 teen 'n voorlopig geraamde jaarkoers van 5 persent ingekrimp. Hierdie afname het wyd verspreid deur die meeste subkategorieë van huishoudings se semi-duursame verbruiksbesteding voorgekom. 'n Uitsondering hierop het egter bestaan uit vergrote reële besteding aan motoronderdele, reserwe-onderdele en motortoebehore.

Toenames is in die derde kwartaal van 1989 nog steeds aangeteken in die reële private verbruiksbesteding aan *nie-duursame goedere* en aan *dienste* wat as lewensnoodsaaklike beskou kan word. Marginale veranderings aan weerskante van die vlakke wat in die tweede kwartaal aangeteken is, kon opgemerk word in huishoudings se bestedings aan uitgaweposte in ander onderafdelings van hierdie bestedingskategorie.

Die *reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van meer as 40 persent gestyg, maar in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van $6\frac{1}{2}$ persent en in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van byna 8 persent teruggeval. Die gemiddelde vlak van hierdie kategorie van die reële besteding was in die eerste drie kwartale van 1989 egter nog steeds ongeveer 6 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988; op baie eenderse wyse was die gemiddelde vlak van die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid in die eerste twee kwartale van die *fiskale* jaar 1989/90 (tot die einde van September 1989) nog steeds sowat 5 persent hoër as in die eerste twee kwartale van die fiskale jaar 1988/89.

Die vooruitsig bestaan dat die begrotingstekort van die sentrale regering in die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel kleiner as voorheen en van betreklik beskeie omvang sal wees. Ten spyte van hierdie vooruitsig het die algemene owerheid dit in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar duidelik nog steeds moeilik gevind om op te tree ooreenkomsdig die owerhede se strukturele oogmerke op langer termyn, waarvolgens die groei in die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid aan bande gelê en die aandeel van hierdie besteding in die totale reële produksie en besteding in die Suid-Afrikaanse ekonomie verminder sal word.

Soos in die tweede kwartaal van 1989, is daar in die derde kwartaal van 1989 nog weer 'n beskeie verdere toename (teen 'n jaarkoers van 1 persent) in die reële owerheidsbesteding aan die vergoeding van werkneemers aangeteken. Daarteenoor het die reële uitgawes aan intermediêre goedere en dienste teen 'n jaarkoers van bykans 20 persent afgeneem.

Die totale reële *bruto binnelandse vaste investering* het in 1988 met 'n opwaarts hersiene $8\frac{1}{2}$ persent en in die eerste twee kwartale van 1989 teen jaarkoerse van $5\frac{1}{2}$ en 4 persent gestyg. Die inkrimping in hierdie besteding teen 'n geringe jaarkoers van 1 persent in

die derde kwartaal van 1989 was die netto resultaat van 'n verdere daling in die reële vaste kapitaalvorming deur die openbare owerhede, van die feit dat die reële vaste-kapitaalbesteding van die private sektor in wese sywaarts beweeg het, en van 'n hernieuwe *styging* in hierdie soort besteding deur die openbare korporasies.

In die *private sektor* het 'n aanmerklike afname in die reële vaste-investeringsbesteding deur die fabrieks-wese en 'n daling in die reële besteding aan private woongeboue in die derde kwartaal van 1989 die klein toenames in die reële kapitaalbesteding in die mynbousektor (hoofsaaklik deur mynmaatskappye buite die goudmynbou) en deur die konstruksiebedryf en die handelsektor meer as geneutraliseer. Daarteenoor is daar ook nog steeds betreklike lewendigheid gehandhaaf in die reële besteding aan masjinerie en toerusting wat deur huurkontrakte in die finansiële sektor gefinansier word. As gevolg hiervan het die totale reële vaste investering in die private sektor in die derde kwartaal van 1989 nog steeds 'n toename getoon wat 'n skaars positiewe jaarkoers van sowat $\frac{1}{2}$ persent bereik het.

Dit wil voorkom asof die vermindering van die reële vaste-kapitaalvorming deur die private fabrieks-wese 'n konsolidasiefase-reaksie was op die meer sywaarts verloop en die matig afwaartse beweging wat reeds vanaf die middelkwartale van 1988 deur die totale reële binnelandse monetêre vraag aan die dag gelê is. Hierbenewens het die aanmerklike verswakkking van 'n aantal internasionale grondstofpryse minder belowende uitvoermarkte tot gevolg gehad. Ten slotte lyk dit waarskynlik dat die betreklik hoë huidige en verwagte rentekoerse die uitbreiding van produksiekapasiteit deur sakeondernemings ontmoedig het terwyl dit die meer intensieve aanwending van bestaande produksiefasiliteite (soos byvoorbeeld deur die instelling van dubbele en driedubbele skofte) aangemoedig het.

Die reële vaste kapitaaluitgawes van die *openbare owerhede* het in die derde kwartaal van 1989 vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal. Toenames in die reële vaste-kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die provinsiale administrasies is meer as ten volle deur wydverspreide bestedingsverminderingen op ander terreine geneutraliseer.

Wat die *openbare korporasies* betref, was die terugkeer na aanmerklik hoë vlakke van die reële vaste investering in die derde kwartaal van 1989 grotendeels 'n weerspieëeling van verhoogde kapitaaluitgawes wat in voorbereidende en ontwikkelingsbedrywighede by Mossgas en Mossref aangegaan is. In teenstelling daarmee het Eskom voortgegaan om sy reële vaste-kapitaalbesteding ooreenkomsdig sy huidige rasionaliseringsbeleid verder te besnoei.

Die reële *voorraadinvestering*, wat in die eerste twee kwartale van 1989 positief gebly het, het in die derde kwartaal negatief geword. Ten aansien van die landbouvoorrade-in-die-handel is daar wel nog voorraad-opbouing aangeteken. Dit is egter meer as ten volle deur verminderings van die voorrade in die sektor elek-

trisiteit, gas en water en deur afnames in die nywerheids- en handelsvoorrade geneutraliseer.

In die sektor elektrisiteit, gas en water het Eskom uitvoering gegee aan 'n program waarvolgens voorrade wat as gevolg van die opskorting van sekere van Eskom se uitbreidingsplanne oortollig geraak het, planmatig van die hand gesit is. Die opskorting van Eskom se uitbreidingsplanne was self weer 'n reaksie op die feit dat sekere goudmynmaatskappye, op grond van die swakte van die randprys van goud wat in daardie stadium geheers het, hul ontwikkelingsplanne gedeeltelik uitgestel het.

Die afnames in die nywerheids- en handelsvoorrade in die derde kwartaal van 1989 was deels 'n weer-spieëling van die aanmerklike afname in die fisiese omvang van die goedere-invoer gedurende daardie kwartaal. Die stygende rentekoste wat aan die aanhou van voorrade verbonde was, het fabrieks- en handels-ondernehemings waarskynlik egter ook daartoe gelei om ondersoek in te stel na maniere (waaronder byvoorbeeld meer gevorderde rekenaartoepassings) waarvolgens hul voorraadposisies strenger beheer en die tydsberekening van aanvoer en aflewering met groter nougesetheid beplan kon word. Die lae voorraadvlakke in die *motorhandel*, waarvan voorheen reeds melding gemaak is, was gedeeltelik die gevolg van stakings en werkonderbrekings wat gedurende die derde kwartaal voorgekom het by verskeie motorfabrieke, asook by fabrieke wat onderdele aan die motornywerheid voorsien.

Die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorrade tot die bruto binnelandse produk van die ekonomie buite die landbou het reeds voorheen geleidelik tot 'n onlangse hoogtepunt van ongeveer 21 persent in die tweede kwartaal van 1989 opgeskuif. Die daling in hierdie voorrade in die derde kwartaal het meegebring dat die betrokke verhouding weer tot effens minder as 21 persent teruggesak het.

Faktorinkome en besparing

Die toename oor periodes van een jaar in die totale nominale faktorinkome *teen markpryse*, wat in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 17 en 19 persent beloop het, het in die derde kwartaal slegs matig tot ongeveer 16 persent afgeneem. Ingelyt by hierdie matige afname in die derde kwartaal was geringe verlangsamings van die toename oor een jaar in die totale nominale vergoeding van werknemers sowel as van die styging oor een jaar in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings. Duidelik meer betekenisvolle verlangsamings as in die geval van die totale nominale arbeidsvergoeding is egter gedurende die eerste drie kwartale van 1989 in die toenames van kwartaal tot kwartaal (*teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse*) in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings aangeteken.

Die koers van toename oor een jaar in die totale nominale *vergoeding van werknemers* het in werklikheid van 'n gemiddelde van $17\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1989 tot 16 persent in die derde kwartaal afgeneem. Die toenames oor een jaar in die totaal van die nominale loonuitbetalings was dus in elk van die eerste drie kwartale van 1989 beduidend hoër as die inflasiekoerse oor die betrokke periodes. Dit kon hoofsaaklik aan vergelykenderwys vrygewige loon- en salarisaanpassings in die fabriekswese, die handel, die finansiewese en veral in die algemene-owerheidsektor toegeskryf word.

Aanpassings van die nominale loon- en salarispakete in die eerste drie kwartale van 1989 teen koerse wat die heersende inflasiekoerse oorskry het, het egter nie beteken dat die matige toename in die reële persoonlike *beskikbare inkome per hoof van die Suid-Afrikaanse bevolking* waardeur die gevorderde opgangsjaar 1988 gekenmerk is, ook voortgeduur het nie. Die toenames in die *totale reële vergoeding van werknemers* in die eerste drie kwartale van 1989 teenoor dié in die ooreenstemmende kwartale van 1988 het egter ongetwyfeld daartoe bygedra om veral die vraag van huishoudings na nie-duursame goedere op peil te hou en om die "sagtelandings"-aard te verseker van die verlangsaming wat gedurende daardie tydperk in die ekonomie ingetree het.

Tenoor hierdie klaarblyklike voordele van die loonontwikkeling in 1989 moet egter nie uit die oog verloof word nie dat te aggressiewe looneise deur werkkrags op hul verskillende geskooldheidsvlakke, en 'n te hoë mate van bereidwilligheid om aan sodanige eise toe te gee, by enige stand van die konjunktuur wenslike aanpassings in die gemiddelde reële loonpeil en in "funksionele" reële loondifferensiale kan verhinder. Net soos reële gebruikerskoste van kapitaal wat kunsmatig laag gehou word, kan 'n relatiewe gebrek aan afwaarts aanpasbaarheid van die reële lone, en aan buigsaamheid na weerskante van reële loondifferensiale, in die pad staan van realistiese faktorprysbepaling ooreenkomsdig die relatiewe mate waarin die Suid-Afrikaanse ekonomie met die verskillende produksiefaktore bedeeld is. Die ongewenste gevolge van sodanige relatiewe prysverwringings sal insluit dat die vlak van die werkloosheid hoër sal wees, en dat die peil en die groeikoers van die reële produksie laer sal wees, as wat op basis van die ekonomie se betreklike beskikking oor die verskillende produksiefaktore bereik sou kon word. Terselfdertyd moet onrealisties verhoogde reële loonvergoedings vir arbeidsdienste noodwendig die prysmededingendheid van Suid-Afrikaanse uitvoergodere in die oorsese markte ondermyn. Indien gegewe is dat daar 'n te hoë mate van onveranderbaarheid van die reële lone en van onbuigsaamheid van reële loonverskille bestaan, sal hierdie ondermyning van die mededingingsvermoë bowendien plaasvind op 'n wyse wat nie deur depresiasie van die wisselkoers reggestel kan word nie.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale *bruto bedryfsurplus* van sakeondernemings (wat die oorblywende deel van die totale nominale faktorkomme teen faktorkoste uitmaak) het van 16 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot $14\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal afgeneem. Dit was die gevolg van afnames in die koerse van toename oor een jaar in die bruto bedryfsurplus vanaf die betreklik hoë vlakte waarop hierdie koerse veral in die mynbou, die fabriekswese, die handel en die finansiewese in die tweede kwartaal van 1989 te staan gekom het.


Die verminderde bruto winsgewendheid van sakeondernemings in hierdie onderskeie sektore in die derde kwartaal van 1989 was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die verswakkende neiging in die reële bruto finale binnelandse monetêre vraag. Die korporatiewe sektor in die algemeen, en maatskappye in die fabriekswese in die besonder, het in die derde kwartaal van 1989 nietemin in 'n sterker finansiële posisie verkeer as wat in die vergelykbare vroeë stadiums van die konjunktuurafgang van 1984-1986 die geval was. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat die verhoudings van skuld tot eie middele van korporatiewe sakeondernemings in die milieu van hoë rentekoerse van 1989 oor die algemeen gesonder was as wat die geval was in die milieu van hoë rentekoerse wat in 1984-1985 geheers het.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het in die derde kwartaal van 1989 tot 23 persent verstewig vanaf $22\frac{1}{2}$ en 22 persent in die voorafgaande twee kwartale. Op syvlak van 23 persent was die waarde van hierdie verhouding min of meer in ooreenstemming met die middeltermyn-neigingswaarde van hierdie verhouding in die middel-tigtigerjare; die middeltermyn-neigingswaarde van hierdie verhouding was in die middel-tigtigerjare egter self nog steeds beduidend laer as die gemiddelde waarde van ongeveer 25 persent van die langtermynneiging in hierdie verhouding wat sedert die sestigerjare daarin aangeteken is. Die verhoogde binnelandse besparing in die derde kwartaal van 1989, tesame met die meer horizontale verloop van die bruto binnelandse investering, is ook weerspieël in die verbetering van die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in daardie kwartaal.

Die styging in die bruto binnelandse besparing in die derde kwartaal van 1989 is verklaar deur die normale toename in die voorsiening vir waardevermindering en deur 'n toename in die netto besparing deur die algemene owerheid wat deur 'n betreklik stabiele neiging in die netto besparing deur die private sektor ondersteun is.

Die verbetering in die inkomste-en-uitgawerekening van die *algemene owerheid* in die derde kwartaal van 1989, wat 'n ommeswaai van netto *ontsparing* na netto besparing deur die algemene owerheid gedurende daardie kwartaal beteken het, het hoofsaaklik uit hoë ontvangste aan sowel direkte as indirekte belastings

Komponente van besparing as persentasie van bruto binnelandse besparing




voortgespruit. Die styging in die inkomste uit direkte belastings het onder ander die invloed weerspieël wat "blok-kruiping" (of "belasting deur inflasie") uitgeoefen het ten aansien van die algemene salarisaanpassings wat laat in 1988 en vroeg in 1989 in sowel die openbare as die private sektor toegestaan is.

Die netto *persoonlike besparing* het in die derde kwartaal van 1989 effens verbeter hoofsaaklik as gevolg van die aansienlike styging in die bruto inkomme van die landbousektor. Daarbenewens het die verhoogde las van hoë rentekoerse, en ander faktore, 'n ontmoedigende uitwerking gehad op huishoudings se aankope van duursame verbruiksgoedere en op die mate waarin huishoudings vir die financiering van sodanige aankope per saldo hul verbruikerskuld nog weer verder vermeerder het. Die netto besparing deur die *maatskappysktor* het op 'n betreklik hoë vlak gebly as 'n weerspieëling van die voortgesette goeie finansiële resultate wat in die vroeëre stadiums van die verlangsaming van die ekonomie nog deur maatskappye getoon kon word.

Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die ekonomie buite die landbousektor het in die vroeë opgangsjare 1986 en 1987 met 0,5 persent en 0,9 persent gestyg. Daarna het dit in 1988 teen 'n vergelykenderwys hoë koers van 1,2 persent toegeneem ten spyte van die feit dat die werkverskaffing in (onder ander) die mynbou, elektrisiteitsopwekking, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese verminderings ondergaan het. Die totale werkverskaffing het egter in die eerste kwartaal van 1989 'n geringe insinking getoon voordat dit in die tweede kwartaal weer teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,3 persent toegeneem het.

Werkloosheid



Die groei in die werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou het in die eerste en die derde kwartaal van 1988 betreklik stiewe jaarkoerse van 2,6 persent en 2,0 persent bereik, maar in die vierde kwartaal tot 'n jaarkoers van slegs 1,0 persent verlangsaam; die gemiddelde koers van die toename in die werkgeleentheid in die private sektor gedurende 1988 in sy geheel was as gevolg hiervan laer as die gemiddelde koers van die groei in die totale werkverskaffing gedurende daardie jaar. Hierbenewens het die werkverskaffing in die private sektor vervolgens in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van 0,8 persent ingekrimp voordat dit in die tweede kwartaal weer teen 'n jaarkoers van 1,0 persent toegeneem het.

Voortgesette toenames in die werkverskaffing in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1989 is in die groot-, klein- en motorhandel asook in sekere ander dienstebedrywe (soos hotelle, wasserye en droogskoonmakerye, die padvervoer en die versekeringsbedryf) aangeteken. *Hernieuwe* toenames in die werkverskaffing is in die tweede kwartaal in die fabriekswese aangeteken nadat daar in die voorafgaande drie maande personeelsverminderinge aangebring is. Die mynbou en die elektrisiteitsopwekkingsbedryf het egter in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1989 verdere verminderings van die werkverskaffing getoon.

Inligting wat tans vir die derde kwartaal (Julie - Augustus) beskikbaar is, duï op 'n meer horizontale verloop van die werkgeleentheid in die fabriekswese en die konstruksiebedryf, maar op 'n verdere afname in die werkgeleentheid in elektrisiteitsopwekking.

Die koers van toename in die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* was in 1988 ietwat hoër as die koers van toename in die totale werkverskaffing buite die landbou. Die toenames in die werkverskaffing deur die openbare owerhede het vanaf die tweede kwartaal van 1988 versnel en in die eerste twee kwartale van 1989 vergelykenderwys hoë jaarkoerse van 1,7 en 2,1 persent bereik. Sodanig versnelde toenames in die werkverskaffing het egter slegs by die algemene owerheid voorgekom; die dalende neiging in die werkverskaffing deur die sakeondernemings van die owerheid het voortgeduur.

Dit wil voorkom asof die verhouding van *oortydure* tot gewone ure gwerk in die fabriekswese en die konstruksiebedryf in die derde kwartaal van 1988 'n hoogtepunt bereik het. In die daaropvolgende periode tot en met Augustus 1989 het dit effens teruggesak.


Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blanke, Kleurling- en Asiérwerskers het van 'n hoogtepunt van 82 300 in Augustus 1986 tot 'n laagtepunt van 45 100 in Januarie 1989 gedaal, maar vervolgens na 51 600 in April en 49 300 in Augustus terugbeweeg. Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werkloses het van 'n hoogtepunt van 136 900, wat eers in September 1987 bereik is, tot 'n laagtepunt van 107 200 in Februarie 1989 gedaal maar daarna tot 123 200 in Junie en tot 121 000 in Augustus toegeneem. Die aantal werklose Swart werskers, soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname gemeet word, het eers in April 1989 sy laagste punt (van 734 000) bereik. Daarna het hierdie syfer tot 'n vlak van 787 000 in Julie en 750 000 (11,1 persent van die geraamde Swart arbeidsmag) in Augustus toegeneem.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die toename van jaar tot jaar in die gemiddelde jaarlikse bedrag van die *nominale salaris en lone per werker* in die ekonomie buite die landbousektor het van 14,2 persent in 1986 tot 15,8 persent in 1988 versnel. Die koers van toename in die gemiddelde nominale loon per werker in die private sektor was in 1988, toe dit 17,4 persent bedra het, aanmerklik hoër as die toename in die gemiddelde nominale loon van werskers in diens van die openbare owerhede, wat 12,3 persent beloop het.

In die loop van die eerste helfte van 1989 het die gemiddelde nominale loonsverhoging vir werskers in die private sektor egter tot 'n koers oor vier kwartale van 15,1 persent in die eerste kwartaal afgeneem, voordat dit in die tweede kwartaal weer tot 16,6 persent versnel het. In teenstelling hiermee het die loonsverhogings van werskers in diens van die openbare owerhede in die eerste twee kwartale van 1989 'n skerp versnelling getoon tot koerse oor vier kwartale van 19,0 persent en 17,0 persent, vanaf die vergelykenderwys lae vlakke van slegs 9,0 en 8,4 persent wat onderskeidelik in die derde en die vierde kwartaal van

Arbeidsproduktiwiteit, -vergoeding en -eenheidskoste in nie-landbousektore



1988 daarin aangeteken is. Die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon van alle werkers buite die landbousektor het in die eerste twee kwartale van 1989 16,3 en 16,7 persent bedra.

Die reële loon per werker het in elk van die drie jare 1985 tot 1987 afgeneem maar was in 1988 2,6 persent hoër as in 1987; in die eerste kwartaal van 1989 was dit nog steeds 2,4 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1988. Daarná het versnelling van die inflasie egter meegebring dat hierdie koers van toename oor vier kwartale in die tweede kwartaal van 1989 tot 1,6 persent ingekrimp het.

'n Betreklik indrukwekkende verbetering van 2,2 persent in die arbeidsproduktiwiteit het daartoe bygedra dat die stygging in die *nominale arbeidseenheidskoste per eenheid fisiese produksie* in 1988 tot 13,2 persent beperk gebly het. Daarná het 'n verslapping van die toenames in die produktiwiteit (tot koerse oor vier kwartale van 2,0 en 1,5 persent) egter daartoe bygedra dat die toename in die nominale arbeidseenheidskoste tot koerse van 14,1 persent in die eerste kwartaal en van 15,0 persent in die tweede kwartaal van 1989 versnel het.

Die reële arbeidseenheidskoste het gedurende die jare 1985 tot 1987 gedaal, maar in 1988 met 0,3 persent en in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n koers oor vier kwartale van 0,5 persent gestyg. As gevolg

van die feit dat die koerse van toename in die arbeidsproduktiwiteit en in die reële loon per werker in die tweede kwartaal van 1989 mekaar bykans geëwenaar het, het die reële arbeidseenheidskoste gedurende daardie tydperk vervolgens weinig verdere verandering getoon.

Pryse

Inflasie, soos dit deur die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die belangrikste prysindekse gemeet word, was in die eerste twee of drie kwartale van 1989 oor die algemeen gemiddeld aanmerklik hoër as in die derde en die vierde kwartaal van 1988. Insgelyks het die koers van toename in hierdie indekse oor twaalf maande – ondanks die feit dat dit in die derde kwartaal meer sywaarts verloop het of effens teruggesak het vanaf die relatief hoë vlakke van die tweede kwartaal – sedert die begin van 1989 oor die algemeen 'n opwaartse neiging getoon.

Die bewegings in die effektiewe wisselkoers van die rand het in belangrike mate daartoe bygedra dat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* in die middelkwartale van 1988 tot 19,0 en 21,6 persent gestyg het, voordat dit in die eerste kwartaal van 1989 tot slegs 10,3 persent gedaal het. Die hernieuwe verswakking van die wisselkoers van die rand vanaf vroeg in 1989 en die uitwerking van die instelling van die verhoogde bo-belasting op invoer-godere in Augustus 1988 en van die daaropvolgende wysigings van hierdie bo-belasting, het meegebring dat hierdie koers van toename in die prys in die tweede kwartaal van 1989 dramaties tot 30,7 persent gestyg het. In die derde kwartaal het dit egter tot 17,4 persent teruggesak.

Die koers van toename oor twaalf maande in die prys van *ingevoerde goedere* het van 'n onderste draapunt van slegs 6,7 persent in Desember 1987 tot 19,3 en 18,7 persent in Junie en Julie 1989 gestyg. Daarná het hierdie koers in Augustus tot 16,9 persent en in September tot 15,3 persent afgeneem, gedeeltelik as 'n weerspieëeling van die betreklik betekenisvolle verstewiging van die effektiewe wisselkoers van die rand in die derde kwartaal en gedeeltelik as gevolg van die sterk stygging in die prys van *ingevoerde goedere* wat in die ooreenstemmende maande van 1988 aangeteken is.

Die jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *plaaslik geproduseerde goedere* het van 11,8 en 11,5 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1988 tot 18,9 en 17,2 persent in die eerste twee kwartale van 1989 versnel, hoofsaaklik as gevolg van versnelde verhogings van die prys van vervaardigde goedere. Die stygging van kwartaal tot kwartaal in hierdie indeks het egter in die derde kwartaal tot 'n jaarkoers van 12,0 persent verlangsaam. Die koers van toename oor twaalf maande in die prys van plaas-

lik geproduseerde goedere het van die begin van 1988 geleidelik tot 15,4 persent in Mei 1989 gestyg maar tot 14,9 persent in September afgeneem.


Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale produksieprysindeks, wat die bewegings in die prysindekse van ingevoerde goedere en van plaaslik geproduseerde goedere omvat, het van seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 13,6 en 10,9 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1988 tot 17,7 per-

sent in die eerste kwartaal van 1989 en tot 20,2 persent in die tweede kwartaal gestyg. In ooreenstemming met die dalings in die koers van toename in albei samestellende indekse, het die koers van toename in die produksieprysindeks vervolgens in die derde kwartaal tot 13,0 persent teruggesak. Die koers van toename *oor twaalf maande* in die produksieprysindeks het in noue samehang met die verloop van die prysindeks van plaaslik geproduseerde goedere vanaf die begin van 1988 geleidelik tot 'n vlak van 15,8 persent in Mei 1989 gestyg. Daarna het dit afwaarts geskommel tot 'n effens laer vlak van 15,1 persent in September.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks het verdubbel van 'n laagtepunt van 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot 18,4 persent in die tweede kwartaal van 1989. Daarna het dit in die derde kwartaal van 1989 tot 14,3 persent teruggesak, waardeur dit weer te staan gekom het op die vlak wat ook reeds in die eerste kwartaal van die jaar aangeteken is. Die koers van toename in die verbruikerspryse *oor periodes van twaalf maande* het van 'n onlangse laagtepunt van 12,3 persent wat nog so laat as in Oktober 1988 voorgekom het, tot 15,7 persent in Junie 1989 gestyg. Hierdie koers het daarna eers in ligte mate, naamlik tot 15,5 persent in sowel Julie as Augustus 1989, en vervolgens meer opmerklik, naamlik tot 14,9 persent in September en tot 14,8 persent in Oktober 1989, afgeneem.

Stygings in die prysse van verbruiksgoedere (wat ongeveer 60 persent van alle bestedingsposte in die verbruikersprysindeks omvat) was in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1989 opmerklik groter as die stygings in die totale verbruikersprysindeks. Daarteenoor het die stygings in die prysse van *dienste* taamlik dramaties, naamlik van nie minder nie as 19,0 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot slegs 9,4 persent in die derde kwartaal, afgeneem, ondanks die feit datveral die koste van vervoerdienste 'n versnelde stygging getoon het.

Pryse



Betalingsbalans en wisselkoerse


Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het in die derde kwartaal van 1989 aansienlik verstewig vanaf seisoensaangesuiwerde jaarvlakke van R2,7 miljard en R2,0 miljard in die eerste en die tweede kwartaal van die jaar tot R5,8 miljard in die daaropvolgende drie maande. Dit kon hoofsaaklik toeskryf word aan (1) 'n skerp daling in die goedere-invoer, (2) laer netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders, en (3) 'n opmerklike herstel van die netto gouduitvoer. Alhoewel die goedere-uitvoer ook aamerklik teruggesak het, was die waarde en die fisiese omvang daarvan nog steeds op die tweede hoogste kwartaalvlak wat ooit aangeteken is.

Die waarde van die *goedere-invoer* het in die derde kwartaal met $11\frac{1}{2}$ persent tot 'n jaarkoersvlak van R43,9 miljard afgeneem. Hierdie daling is meer as ten volle verklaar deur 'n groot afname van $13\frac{1}{2}$ persent in die *fisiese hoeveelheid* van die invoer (wat op 'n *styging* van ongeveer 10 persent in die voorafgaande drie maande gevvolg het); beduidende dalings is in die invoerhoeveelhede van masjinerie en elektriese toerusting en van mineraalprodukte aangeteken. Daarteenoor het die *invoerpryse* met ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent gestyg, hoofsaaklik as gevolg van hoër internasionale ruoliepryse en vanweë 'n daling van 1,8 persent in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand.

Die waarde van die *netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners* het in die tweede kwartaal van 1989 buitengewoon sterk tot 'n rekordbedrag van R10,9 miljard (ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers bereken) gestyg. Daarna het dit in die derde kwartaal effens teruggesak tot 'n jaarvlak van R10,5 miljard, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die relatiewe toename in die dienste-ontvangste in hierdie kwartaal, wat 5,8 persent beloop het, die geringe verdere styging van 1 persent in die dienstebetalings in beduidende mate oorskry het. Die Suid-Afrikaanse dienste-ontvangste het veral toegeneem uit hoofde van groter be-

Lopende rekening van die betalingsbalans



talings deur buitelanders vir vervoerdienste aan hulle gelewer en vanweë hoër verdienstes aan dividende.

Die waarde van die Suid-Afrikaanse *netto gouduitvoer* het in die derde kwartaal van 1989 'n stellige herstel van $8\frac{1}{2}$ persent getoon tot 'n jaarvlak van R19,7 miljard, ten spyte van die verskillende ontwikkelings waardeur die goudmynbedryf op die langer termyn nadruklik beïnvloed word. Hierdie herstel van die totale gouduitvoerverdienstes vanaf die lae vlak wat dit in die tweede kwartaal bereik het, is hoofsaaklik verklaar deur 'n toename in die *fisiese omvang* van die netto gouduitvoer, wat op sy beurt weer 'n toename in die


Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse


R miljoene

	1988			1989		
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	Jaar	1e kw
Goedere-uitvoer	31 472	34 560	44 320	40 610		
Netto goud-uitvoer	19 622	18 970	18 150	19 670		
Goedere-invoer	-39 170	-42 150	-49 580	-43 930		
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 985	-8 670	-10 920	-10 510		
Saldo op lopende rekening	2 939	2 710	1 970	5 840		

Goudprys



Reële goedere-invoer en -uitvoer



tonnemaat erts wat deur die myne vergruis is sowel as 'n ietwat hoër goudinhoud van hierdie erts weerspieël het. Die gemiddelde dollarprys van goud per fyn ons het in die derde kwartaal verder gedaal tot \$367, vanaf \$394 in die eerste en \$374 in die tweede kwartaal. Die gemiddelde *randprys* van goud het egter effens verstewig, naamlik vanaf R998 per fyn ons in die tweede tot R1 004 in die derde kwartaal.

Vanaf die einde van Oktober 1989 het die dollarprys van goud sterk toegeneem tot 'n gemiddelde vasselingsprys van VSA\$416 per fyn ons op 24 November voordat dit weer tot \$407 op 30 November teruggesak het. Hierdie verstewiging in die dollarprys van goud, wat skynbaar in wese op 'n verskuwing in die internasionale beleggersentiment gebaseer was, het voorgekom ten spyte van die betreklike stabiliteit wat die VSA-dollar gedurende die eerste drie weke van November in die internasionale buitelandse valutamarkte aan die dag gelê het. Opmerklike stygings is derhalwe ook in die goudprys in al die ander belangrike geldeenheide aangeteken. In Duitse mark het die goudprys byvoorbeeld van DM689 per fyn ons op 1 November tot DM729 op 30 November, of met sowat 6 persent binne 'n tydperk van een maand, toegegeneem. Die randprys van goud het op 24 November 'n nuwe hoogtepunt van R1 087 per fyn ons bereik.

Nadat die waarde van Suid-Afrika se *goedere-uitvoer* in die tweede kwartaal 'n uitsonderlike groot toename van 28 persent getoon het, het dit in die derde kwartaal met 8½ persent tot 'n jaarkoersvlak van R40,6 miljard teruggesak. Die grootste deel van hierdie daling kon aan afnames in uitgevoerde hoeveel-

hede toegeskryf word. Die gemiddelde vlak van die randprys van die Suid-Afrikaanse uitvoergoedere het met ongeveer 1 persent afgeneem ten spyte van 'n daling in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand; dit was grotendeels die gevolg van die feit dat die prys van sekere uitvoergrondstowwe in die wêreld se grondstofmarkte belangrike verswakkings getoon het. Dalings in die fisiese omvang van die uitvoer het veral by onedele metale, edelmetale en edelstene voorgekom. Die fisiese omvang van die landbou-uitvoer het egter nog toegeneem, hoofsaaklik vanweë die vergrote uitvoer van mielies.

Kapitaalrekening

Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het in die derde kwartaal van 1989 aansienlik teruggesak tot slegs R244 miljoen vanaf R1,9 miljard in die eerste kwartaal en R1,1 miljard in die tweede kwartaal. Ná 'n betreklik aansienlike uitvloeiing van *langtermynkapitaal* in die tweede kwartaal van 1989, is daar in die derde kwartaal van die jaar in werklikheid vir die eerste keer sedert die vierde kwartaal van 1988 'n *invloeiing* van sodanige kapitaal aangeteken. Alhoewel die uitvloeiing van *korttermynkapitaal* nie verwant aan reserwes nie in die derde kwartaal van 1989 effens groter was as in die voorafgaande drie maande, was dit nogtans heel aansienlik minder as die kwartaallikse gemiddelde van hierdie uitvloeiings van meer as R1,2 miljard wat in die voorafgaande anderhalf jaar sedert die begin van 1988 aangeteken is.

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene


	1988	1989		
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Langtermynkapitaal				
Openbare owerhede	-433	-306	-143	-170
Openbare korporasies	-636	124	316	-62
Private sektor:				
Netto aankope van genoteerde aandele deur nie-inwoners	-15	-269	-381	170
Ander kapitaal	-18	56	-520	241
Totale langtermynkapitaal	-1 102	-395	-728	179
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-5 444	-1 456	-335	-423
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-6 546	-1 851	-1 063	-244

Die totale *langtermynkapitaalbewegings* het van 'n uitvloeiing van R728 miljoen in die tweede kwartaal van 1989 tot 'n invloeiing van R179 miljoen in die derde kwartaal omgeswaai. Dit kon gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat buitelanders weer eens daartoe oorgegaan het om aanmerklike netto bedrae aan effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, van die nie-bank- private sektor aan te koop. Hierbenewens is 'n taamlik aansienlike bedrag aan netto nuwe buitelandse lenings deur organisasies in die nie-bank- private sektor aangegaan. Die gevvolglike netto invloeiings van kapitaal het meer as vergoed vir die voortgesette terugbetalings van buitelandse langtermynlenings deur die openbare owerhede en vir die hernieude terugbetalings wat die openbare korporasies op sodanige lenings gemaak het.

Die uitvloeiing van *korttermynkapitaal* nie verwant aan reserwes nie het effens toegeneem van R335 miljoen in die tweede kwartaal van 1989 tot R423 miljoen in die derde kwartaal. Dit was hoofsaaklik die gevolg van terugbetalings van buitelandse korttermynlenings deur die openbare korporasies tot 'n bedrag van R100 miljoen, wat op 'n netto opname van nuwe lenings deur hierdie korporasies tot 'n bedrag van R185 miljoen in die voorafgaande drie maande gevvolg het. Daarenteenoor het die uitvloeiing van korttermynkapitaal vanaf die nie-bank- private sektor van R530 miljoen in die tweede kwartaal van 1989 tot R349 miljoen in die derde kwartaal verminder. Die verdere inkrimping van hierdie bedrag vanaf die onlangse hoë vlak van R2,3 miljard wat dit in die derde kwartaal van 1988 bereik het, was 'n aanduiding van verdere verflouings in en van 'n ommekeer van ongunstige vervroegings en vertragings in internasionale betalings en ontvangste. Dit kon toegeskryf word aan die hoër mate van stabiliteit wat die wisselkoers van die rand vanaf die middel van Junie 1989 aan die dag gelê het, die matige herstel wat die wisselkoers in die loop van die derde kwartaal

ondergaan het, en die taamlik gunstiger vooruitsigte waarmee die relatiewe wisselwaarde van die rand die vierde kwartaal van 1989 binnegegaan het.

Betalingsbalans



Buitelandse reserwes

Die betreklik klein netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, tesame met die strewiger oorskot op die lopende rekening (wat 'n onaangesuiwerde R934 miljoen bedra het) het tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse totale *netto* goud- en ander buitelandse reserwes in die derde kwartaal met R690 miljoen gestyg het. Dit was die eerste kwartaallikse toename in die Suid-Afrikaanse *netto* buitelandse reserwes wat sedert die eerste kwartaal van 1988 aangeteken is.

Die *bruto* buitelandse reserwes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het gedurende die derde kwartaal met R165 miljoen gestyg. 'n Daling van R190 miljoen is egter in die derde kwartaal in die buitelandse reserwebesit van die res van die banksektor en van die Sentrale Regering aangeteken. Die Suid-Afrikaanse totale *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende hierdie tydperk gevoldiglik met R25 miljoen gedaal.

In Oktober 1989 het die *bruto* reserwes van die Reserwebank met R60 miljoen afgeneem. Die Reserwebank se goudbesit het van 3,9 miljoen fyn onse aan die einde van Junie tot 3,4 miljoen fyn onse aan die einde van Oktober ingekrimp.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand het in die eerste helfte van 1989 met 8,9 persent verswak, hoofsaaklik as gevolg van die hernieuwe opwelling van krag wat die VSA-dollar vanaf die begin van 1989 tot die middel van Junie in die internasionale valutamarkte aan die dag gelê het. In die derde kwartaal van 1989 het die rand 3,5 persent van sy waarde in dollars herwin maar teenoor die Duitse mark, die Britse pond en die Franse frank 'n geringe verswakkings getoon. Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende hierdie tydperk met 2,1 persent gestyg.


Grootskaalse verkoop van VSA-dollars deur die wêreld se vernaamste sentrale banke in die eerste

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	30 Jun 1989 tot 30 Sept 1989	30 Sept 1989 tot 30 Nov 1989
Geweegde gemiddelde	2,1	2,8
VSA-dollar	3,5	2,9
Britse pond	-0,6	6,1
Duitse mark	-0,9	-1,6
Switserse frank	-	1,1
Japanse yen	0,4	5,5
Franse frank	-1,3	-0,9
Finansiële rand	1,4	0,1

Wisselkoerse



helfte van Oktober, en swakte van die dollar wat uitgelok is deur die insinking van die aandeelprys op die New Yorkse Effektebeurs op 13 Oktober, het veroorsaak dat die dollar van die begin tot aan die einde van daardie maand met 1,8 persent teenoor die Duitse mark gedepresieer het. Gedurende hierdie tydperk het die wisselwaarde van die rand in dollars met 2,1 persent toegeneem.

Van die einde van Oktober tot 21 November het die wisselkoers van die dollar teenoor die Duitse mark gestabiliseer op vlakke wat tussen DM1,84 en DM1,86 gewissel het. Daarna het die dollar egter teenoor die mark gedepresieer tot vlakke benede DM1,80 teen die einde van die maand. Gedurende Oktober en November het die rand egter ook aanmerklik geappresieer teenoor die verswakkende Britse pond en die yen. Vanaf die einde van September tot 30 November het die effektiewe wisselkoers van die rand dienooreenkomsdig met 'n verdere 2,8 persent verbeter.

Die *finansiële* rand het effens verstewig van 'n gemiddelde verhandelingskoers van R4,14 per dollar in die tweede kwartaal van 1989 tot R4,11 per dollar in die derde kwartaal. Dit het op 25 Augustus 'n laagtepunt van R4,38 per dollar bereik, maar tot R3,94 per dollar op 30 November herstel. Die diskonto teenoor die kommersiële rand het op daardie datum effens minder as 34 persent beloop.

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddelde van die M3-geldvoorraad het van sy hoogtepunt van 29,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 21,0 persent in die tweede kwartaal van 1989 teruggesak maar daarna weer tot 23,8 persent in die derde kwartaal versnel. Die koers van toename in M3 oor twaalf maande het in die derde kwartaal van 1989 verder verlangsaam vanaf sy hoogtepunt van 27,9 persent in Augustus 1988 tot 22,1 persent in September 1989. Volgens voorlopige gegewens het dit in Oktober 'n verdere marginale inkrimping tot 21,7 persent getoon.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 het vanaf die konseptuele beginpunt van die mikpuntjaar 1989 (dit wil sê vanaf die middel van November 1988) tot aan die einde van Oktober 1989 op 'n voorlopig geraamde 21,5 persent te staan gekom. Hierdie koers was dus nog steeds aansienlik hoër as die

boonste grens van die mikpuntperk vir 1989 van 18 persent.


Die bedrag van M3 aan die einde van Oktober, wat volgens die voorlopige ramings R138,0 miljard beloop het, het die plafon van die mikpunttonnel met R3,7 miljard of met 2,8 persent oorskry. Dit was ook reeds ongeveer 2,9 persent hoër as die maksimum gemiddelde bedrag van R135,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 wat die boonste grens aandui tot waar M3 ingevolge die mikpunt aan die einde van die mikpuntjaar 1989 kan styg. Die voorlopig geraamde bedrag van M3 aan die einde van Oktober was ook reeds marginaal hoër as die waarde van M3 op die boonste grenslyn van die mikpuntperk aan die einde van Desember 1989.

Dit wil voorkom asof die hernieuwe versnelling van die koers van toename in M3 van kwartaal tot kwartaal gedurende die derde kwartaal van 1989 verband gehou het nie slegs met stygende behoeftes aan geldbesit by die waargenome hoër vlakke van die bruto binne-landse besteding teen heersende pryse nie, maar ook met 'n sekere hernieuwe oplewing van herintermediasierverskynsels en met 'n toename in beleggers se voorkeur vir die besit van deposito's, wat toegeskryf kon word aan die feit dat die rentekoerse op sekere deposito's, ná 'n tydperk van betreklik koersstabiliteit, verder opwaarts aangepas is. Die rentekoers op vaste deposito's van ses maande is byvoorbeeld in die eerste week van September 1989 van 14,5 tot 17,0 persent verhoog.


Die opwaartse aanpassings van die betrokke depositokoerse het ook meegebring dat die verskille tussen die banke se gemiddelde uitleenkoerse en gemiddelde depositokoerse weer eens onder afwaartse druk gekom het. Die gevvolglike verdere verstewiging van die beleggersvraag na likwiditeit in die vorm van deposito's het daar toe bygedra dat die inkomme-omloopsnelheid van M3 opnuut 'n daling getoon het, naamlik vanaf 1,824 in die tweede kwartaal van 1989 tot 1,790 in die derde kwartaal; hierdie afname in die omloopsnelheid het dus oor 'n tydperk van drie maande ongeveer 1,9 persent beloop. Die inkomme-omloopsnelheid van M3 in die derde kwartaal van 1989 was in werklikheid op die laagstevlak wat sedert die tweede kwartaal van 1978 daar in aangeteken is.

Die koerse van toename in die enger monetêre totale M1A, M1 en M2 het oor die twaalf maande tot aan die einde van September 1989 op 10,1, 13,0 en 26,7 persent te staan gekom. Stygende rentekoerse en verwagtings van verdere rentekoersverhogings het tot gevolg gehad dat die stygings in M3 met name gedurende die tweede helfte van 1988 en die eerste kwartaal van 1989 sterk in deposito's in die korttertermynsegmente van die looptydspektrum gekonsentreerd was. Die jaarkoers van toename in "ander kort"- en middeltermyndepositos en in langtermyndepositos het dienooreenkomsdig gedurende hierdie periode van nege maande onderskeidelik nie minder nie as 55,8


Mikpuntgrense vir groei in M3



Inkome-omloopsnelheid van M3 en korttermynrente-koers



Samestelling van M3



percent en so min as 3,6 percent beloop. Die aandeel van die "ander kort"- en middeltermyndeposito's in die totaal van M3 het as gevolg hiervan vanaf 38,8 persent aan die einde van Junie 1988 tot 45,4 aan die einde van Maart 1989 toegeneem.

'n Verskuiwing in die beleggersvoorkeure het vervolgens egter na vore gekom in die milieu van betreklik groter rentekoersstabiliteit wat gedurende die grootste deel van die tweede en die derde kwartaal van 1989 ingetree het. Vanaf die einde van Maart 1989 tot die einde van September het die jaarkoerse van die toenames in die betrokke twee depositokategorieë onderskeidelik 29,1 persent en 16,3 persent beloop. 'n Belangrike deel van die toename in die langtermyndepositoverpligtings van die monetêre sektor teenoor die publiek gedurende hierdie periode het bestaan uit verhandelbare depositosertifikate met langtermynlooptye wat deur enkele groot bankinstellings uitgereik is.

Die binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings was gedurende die eerste nege maande van 1989 nog steeds verreweg die belangrikste enkele statistiese teenhanger van die toenames wat oor hierdie periode in die seisoensaangesuiwerde M3-geldvoorraad aangeteken is. Die toenames in die totale binnelandse kredietverlening, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, het in die eerste drie kwartale van 1989 onderskeidelik R5,7 miljard, R6,6 miljard en R4,7 miljard beloop, teenoor die bedrae van R7,6 miljard, R5,8 miljard en R4,6 miljard waarmee die seisoensaangesuiwerde M3-geldvoorraad in die betrokke drie kwartale toegeneem het. Veranderings in die netto goud- en

ander buitelandse reserwes van die monetêre sektor, seisoensaangesuiwerd, het gedurende die derde kwartaal egter ook 'n bydrae van R0,4 miljard tot die toename in M3 gemaak (nadat die netto reserwes gedurende die voorafgaande twee kwartale negatiewe bydraes van R0,7 miljard en R0,8 miljard tot die toenames in M3 gelewer het). Die seisoensaangesuiwerde netto eise van monetêre instellings teen die regeringsektor (wat by die totale binnelandse kredietverlening ingesluit is) het gedurende die eerste kwartaal van 1989 min verandering getoon maar in die tweede kwartaal met R0,1 miljard en in die derde kwartaal met 'n aansienlike bedrag van R1,1 miljard gedaal.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die koers van die toename van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallike gemiddelde van die eise van monetêre instellings teen die private sektor het, seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarvlak verhef, bemoedigend teruggesak van 'n peil wat in die derde en die vierde kwartaal van 1988 nog heelwat meer as 30 persent beloop het, tot 24,8 persent in die eerste kwartaal van 1989 en tot slegs 13,0 persent in die tweede kwartaal. Daarna het dit egter weer tot 25,6 persent in die derde kwartaal opgeskiet.



Die koers van toename oor twaalf maande in die monetêre instellings se eise teen die private sektor is klaarblyklik nog steeds beïnvloed deur die baie hoë tempo van die institusionele kredietuitbreiding in die laaste deel van 1988, sowel as deur die skerp versnel-

lings wat by geleentheid van maand tot maand gedurende die eerste nege maande van 1989 in die kredietverlening voorgekom het. Hierdie koers het gevvolglik gedurende al die maande van 1989 tot en met September hardnekkig bo 20 persent gebly. Per saldo het dit egter wel vanaf sy hoogtepunt van 30,5 persent in Oktober 1988 tot 21,1 persent in September 1989 afgeneem.

Die tydelike daling (tot by die jaarvlak van 13,0 persent waarvan hierbo reeds melding gemaak is) in die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddelde van die monetêre instellings se eise teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal van 1989 was hoofsaaklik die gevolg van 'n werklike afname in hierdie eise gedurende April. Dit lyk waarskynlik dat hierdie afname tot op sekere hoogte toegeskryf kon word aan die beroep wat die Reserwebank vroeg in Maart 1989 aan die banke en die bouverenings gerig het om die tempo van hul uitleenbedrywighede meer aan bande te lê.

Soos sake verloop het, het die toename in die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre instellings teen die private sektor van 'n gemiddelde maandelikse bedrag van R1,9 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n gemiddelde maandelikse bedrag van R2,2 miljard in die tweede kwartaal versnel voordat dit in die derde kwartaal weer eens tot 'n gemiddelde maandelikse bedrag van R1,9 miljard teruggesak het. Aansienlike toenames is gedurende die derde kwartaal van 1989 nog steeds in alle belangrike kategorieë van die institusionele kredietverlening aangeteken. Die stygings in huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het byvoorbeeld van 'n maandelikse gemiddelde van R452 miljoen in die tweede kwartaal tot slegs R341 miljoen in Julie afgeneem; die maandelikse gemiddelde toename van R479 miljoen in die derde kwartaal was egter weer eens hoër as die toename wat in die voorafgaande drie maande te boek gestel is.

Eise van monetêre instellings teen die binnelandse private sektor



Hoë koers van toename in die monetêre instellings se krediet aan die private sektor is nog gedurende die derde kwartaal van 1989 gehandhaaf ten spyte van die verdere verlangaming van die reële ekonomiese groei, die daling in die reële bruto binnelandse besteding, die afnames in die fisiese omvang en die waarde van die invoer, en die intering op voorrade, wat in die


Veranderings in eise van monetêre instellings teen binnelandse private sektor

Seisoensaangesuiwerd

R miljoene

	Wissels verdiskon-teer	Bankinstellings			Totaal
		Huurkoopkrediet en bruikhuur-finansiering	Ander		
1988:	Desember	309	428	1 193	1 930
1989:	Januarie	-74	207	3 622	3 755
	Februarie	-55	454	1 383	1 782
	Maart	-317	560	-112	131
	April	-215	352	-365	-228
	Mei	267	221	3 016	3 504
	Junie	-105	785	2 730	3 410
	Julie	488	341	-121	708
	Augustus	543	605	2 850	3 998
	September	234	493	363	1 090

Huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering



loop van daardie kwartaal voorgekom het. Volgehoue hoë en selfs versnelende koerse van toename in die bankkredietverlening in die vroeë stadiums van 'n konjuncturele afgangsfase is egter nie 'n ongewone verskynsel in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie. Kredietontwikkelings van hierdie aard is tot op sekere hoogte 'n weerspieëeling van die intermediasier- of *herintermediasierverskynsels* wat neig om met relatief hoë en stygende rentekoerse gepaard te gaan; relatief hoë vlakke van die rentekoerse neig weer om hulle voor te doen in die boonste stadiums van konjuncturele opgangsfases en in die aanvangsstadiums van die afwaartse bewegings in die ekonomiese bedrywigheid wat daarop volg.

Die koerse van toename in die banke se kredietverlening is in die afgelope aantal maande en oor die afgelope paar kwartale ook, by geleentheid en as 'n randverskynsel, beïnvloed deur 'n aantal spesiale faktore soos bestuursoornames onder sakeondernemings, disinvesteringsaksies en die feit dat maatskappye soms van bankkrediet gebruik gemaak het om hul leningsheffings te betaal. Hierbenewens het die stygings wat tot en met die derde kwartaal van 1989 in die reële vaste-investeringsbesteding van die private sektor voorgekom het, aanleiding gegee tot 'n vraag na projekfinansiering en na kredietverlening op middeltermyn vir die uitbreiding van produksiekapasiteit. Baie vinnige stygings in die pryse van nuwe en gebruikte motorvoertuie is ook weerspieël in 'n dienooreenkomstig verhoogde vraag na voertuigfinansiering, wat veral die uitleenbedrywigheede van die algemene banke beïnvloed het. In die mees onlangse verlede het die afkoeling van die reële ekonomie, op 'n wyse wat nie as ongewoon beskou kan word nie, geneig om te lei tot "ekstern opgelegde" redes vir 'n verhoogde toevlug tot bankkrediet – waaronder byvoorbeeld 'n behoefte aan finansiering van 'n "onbedoelde" besit aan voorrade, of van 'n groeiende lys van stadig betalende en twyfelagtige debiteure – wat geleidelik en uiteindelik by sekere sakeondernemings die karakter van "kredietopname uit nooddruk" kan begin aanneem.

Die toestand op die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoefte aan akkommodasie deur die Reserwebank gemeet word, het gedurende September, Oktober en die eerste helfte van November 1989 stram gebly. Die Reserwebank se akkommodasie aan die mark by die Bank se diskontovenster het van 'n lae punt van R0,5 miljard op 10 Junie tot by 'n nuwe rekordbedrag van R4,9 miljard op 28 Oktober toegeneem.


Reserwebankoptrede in die geldmark

Die Reserwebank se akkommodasie aan die geldmark by die diskontovenster het van R2,6 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n betreklik beperkte bedrag van R1,0 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Van daar af het dit tot R3,3 miljard in die derde kwartaal en tot R4,0 miljard in Oktober gestyg. Geen hulp in die vorm van *terugkoopoordeekomste* is sedert 7 Maart 1989 deur die Reserwebank aan markdeelnemers verstrek nie. Die stramheid van die mark, tesame met die Reserwebank se herfinansieringsvoorraades, het van tyd tot tyd daar toe gelei dat die koers op oornagfondse wat deur bankinstellings opgeneem is, tot bo die prima-oortrekkingskoers van die verrekeningsbanke gestyg het.

Vanuit 'n rekeningkundige oogpunt kon die hoë vlakke van die marktekorte in die derde kwartaal en in Oktober 1989 hoofsaaklik verklaar word aan die hand van die stygende en uiteindelik baie hoë peil van die regeringsdeposito's by die Reserwebank. Hierdie deposito's het van R6,7 miljard aan die einde van Junie 1989 tot R9,0 miljard aan die einde van Julie en tot onderskeidelik R10,4 miljard, R10,8 miljard en R10,8 miljard op die maandeindes van Augustus, September en Oktober gestyg. Onmiddellik nà die maandeinde van Oktober het die bedrag van hierdie deposito's egter skerp teruggesak en op 3 November op R9,6 miljard te staan gekom.

Bystand aan die mark deur middel van opemarktransaksies wat op initiatief van die Reserwebank aangegaan is, is oor die maandeinde van Oktober beskikbaar gestel by wyse van aankope deur die Korporasie vir Openbare Deposito's van promesses wat deur die Landbank uitgereik is en van projekwissels wat deur Eskom uitgereik is tot 'n totaalbedrag van R580 miljoen. Die akkommodasie van die mark by die Reserwebank se diskontovenster het vervolgens van

Akkommodasie by die diskontovenster en Regeringsdeposito's by die Reserwebank



R4,7 miljard op 31 Oktober tot R3,0 miljard op 3 November afgeneem.

Die privatisering van Yskor en die notering van die Yskoruitgifte op die Johannesburgse Effektebeurs op 8 November het 'n oorplasing van R2,915 miljard na die Skatkisrekening tot gevolg gehad, wat meegebring het dat die regeringsdeposito's by die Reserwebank kortstondig tot 'n hoogtepunt van R12,2 miljard gestyg het. Die kompenserende optreden van die Reserwebank (deels deur transaksies van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die Openbare Beleggingskommisarisse) om die potensiële skokuitwerking van hierdie oordrag op die geldmarktoestand te verlig, het bestaan uit die aankoop van Landbankpromesses ten bedrae van R1 500 miljoen, van Eskom-projekwissels ten bedrae van R88 miljoen, en van "wentelwissels" wat deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste uitgereik is ten bedrae van R15 miljoen. Al hierdie wissels sal voor of teen die middel van Februarie 1990 hul vervaldatum bereik; die kort en baie kort looptye van hierdie wissels dien om die buigsaamheid te verseker van die bystand wat op hierdie wyse verleen word en om die wesenlik tydelike en "oorbruggings"-aard daarvan te beklemtoon. Die marktekort by die diskontovenster op 8 November het uiteindelik op R4,2 miljard te staan gekom. Vanaf daardie vlak het die tekort per saldo tot R3,3 miljard op 21 November gedaal.

In die lig van die feit dat die Regering se leningsprogram soos die Begroting van Maart 1989 dit voor oë gehad het, voltooi is, en ook op grond van die hoë vlak


van die regeringsdeposito's, is die opbrengs van die verkoop van staatseffekte vanaf 1 September in 'n stabilisasierekening gestort. Die saldo op hierdie rekening het op 21 November R813 miljoen bedra. Die netto verkoope van staatseffekte deur die Reserwebank het in die tweede kwartaal van 1989 R3,4 miljard, in die derde kwartaal R2,7 miljard, en in die vierde kwartaal tot en met 23 November R0,9 miljard beloop.

Geldmarkrentekoerse

Volgende op die verhoging van die Bankkoers (van 16 tot 17 persent) wat op 8 Mei 1989 van krag geword het, het die geldmarkrentekoerse ná die eerste paar dae van Junie binne baie noue grense gestabiliseer. Van die begin van Augustus 1989 tot en met 9 Oktober het die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande nooit meer as 17,40 persent en nooit minder as 17,30 persent beloop nie.

Die Bankkoers is met ingang van 11 Oktober 1989 nogmaals, naamlik van 17 tot 18 persent, verhoog – onder andere op grond van die diskontokoersverhoggings wat deur 'n aantal sentrale banke in Wes-Europa aangekondig is, die risiko's wat vir die kapitaalrekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans aan 'n verruiming van die verskille tussen die reële rentekoerse in Suid-Afrika en in die belangrikste oorsese ekonomiese verbonde sou kon wees, die behoefte aan 'n voortgesette versterking van die Suid-Afrikaanse buitelandse reserwes, die ongewens hoë koerse van toename in die bankkrediet en in die monetêre totale wat nog steeds in die Suid-Afrikaanse ekonomie aangeteken

Korttermynrentekoerse



is, en die behoefte aan instandhouding van 'n gepaste beperkende en anti-inflasionele ingesteldheid van die monetêre beleid.

Die ander herdiskonteringskoerse van die Reservewebank is eweneens met 1 persentasiepunt verhoog. Die Bank se koerse op alle oornagleningsfasilitete is egter met 1,25 persentasiepunte aangepas; die hoogste koers onder die verskillende koerse op hierdie soort fasilitete (naamlik dié wat op oornaglenings teen onderpand van staats- en semi-staatseffekte van toepassing is) het daardeur op 22,75 persent te staan gekom. Met die oog daarop om enige oormatig strawwe uitwerking van die hoér rentekoerse op die meer rentekoersgevoelige kategorieë leners te verminder, is dit egter duidelik gestel dat die bestaande skemas vir rentebystand aan boere, huiseienaars en kleinsakemanne wat nà die Bankkoersverhoging van 5 Mei 1989 aangekondig is, nog van krag sou bly.


Die Bankkoersverhoging van 11 Oktober is onmiddellik deur 'n verhoging van 20 tot 21 persent van die prima-oortrekingskoerse van die verrekeningsbanke gevolg. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het in die spore van hierdie Bankkoersverhoging van 17,35 tot 18,35 persent gestyg. Hierdie koers het vervolgens oor die maandeinde van Oktober verder verstewig, naamlik tot 18,55 persent, wat gedeeltelik 'n weerspieëeling was van die mark se besorgdheid oor die invloed wat die oorplasing na die Skatkis van die opbrengs van die aandele-uitgifte van Yskor op 8 November potensieel op die marktoestand sou kon uitoefen. Op 18 November het hierdie koers 'n peil van 18,80 persent bereik.

Die koers op daggelddeposito's wat deur die diskontohuise gewerf word (wat voor die Bankkoersverhoging van 8 Mei op 16,50 persent gestaan het), het, eweneens as 'n aanduiding van die algemene stramheid van die geldmarktoestand, op 31 Oktober 'n hoogtepunt van 21,25 persent aangeteken. Teen 8 November het hierdie koers egter tot 18,65 persent teruggesak en op 18 November op 18,50 persent te staan gekom.

Kapitaalmarkbedrywighede

Die handelsbedrywigheid op die kapitaalmark, wat in die eerste kwartaal van 1989 'n kragtige maar in die tweede kwartaal 'n meer gedemppe herstel getoon het, het in die derde kwartaal oor die algemeen weer sterk toegeneem. Dit is weerspieël in beduidend hoér omsette van effekte van die openbare sektor en van maatskappyaandele op die effektebeurs. Die *aandele-pryse* het ook weer aansienlike stygings getoon. Die mark in vaste eiendom, wat selfs in die tweede kwartaal van 1989 'n betekenisvolle toename in die handelsbedrywigheid ondervind het, het in die derde kwartaal 'n matige verdere toename in die waarde van vaste-eiendomtransaksies getoon.


Johannesburgse Effektebeurs : Netto aankope deur nie-inwoners



Die waarde van die *effekte van die openbare sektor* wat op die effektebeurs verhandel is, het in die drie maande tot die einde van September met ongeveer 18 persent vanaf R43,8 miljard in die tweede kwartaal van 1989 tot 'n nuwe rekordvlak van R51,5 miljard gestyg. Die bedrag van die omset van hierdie effekte in die derde kwartaal van 1989 het dientengevolge die voorige rekordvlak van R50,3 miljard, wat in die derde kwartaal van 1987 bereik is, met sowat 2 persent oortref. Die hoér vlak van die handelsbedrywigheid in prima-effekte in die derde kwartaal van 1989 was gedeeltelik die gevolg van die feit dat nie-inwonersbeleggers van die besit van aandele na beleggings in effekte van die openbare sektor omgeskakel het. Die aankope van hierdie soort effekte deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs het van R0,7 miljard in die tweede kwartaal van 1989 tot nie minder nie as R1,2 miljard in die daaropvolgende drie maande gestyg.

Die waarde van die *aandele* wat op die effektebeurs verhandel is, wat in die tweede kwartaal van 1989 effens teruggesak het (naamlik tot R4,6 miljard), het in die derde kwartaal tot R5,3 miljard gestyg – die hoogste kwartaallikse omset van aandele wat sedert die derde kwartaal van 1987 op die beurs voorgekom het. Vermeerderde handelstransaksies deur nie-inwoners het ook in hierdie toename in die bedrywigheid 'n rol gespeel; die netto bedrag van die aandele wat in die derde kwartaal deur nie-inwoners van die hand gesit is, het R1,3 miljard beloop, teenoor R1,1 miljard in die voorafgaande drie maande.

JE-Aktuarisse-prysindeks vir alle klasse aandele en goudprys



Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het per saldo in die tweede kwartaal van 1989 min verandering getoon maar gedurende die derde kwartaal met 9 persent gestyg. Dit was egter nog steeds sowat 9 persent laer as die hoogtepunt in die aandelepryse wat in September 1987 aangeteken is.


Die skerp insinking in die aandelepryse op die meeste oorsese aandelebeurse wat op Vrydag 13 Oktober 1989 'n aanvang geneem het, is op Maandag 16 Oktober gevvolg deur dalings in die prys van goudmynaandele, nywerheidsaandele en alle klasse aandele op die Johannesburgse Effektebeurs (soos dit op 'n daaglikske basis deur die JE-Aktuarisse Indeks gemeet word) wat onderskeidelik 8,1 persent, 11,6 persent en 10,6 persent beloop het. As gevolg van die meer omvryke "oorwaardering" van Suid-Afrikaanse aandele ná die Bankkoersverhoging van 11 Oktober, was hierdie prysdalings groter as dié op die meeste oorsese effektebeurse. Vanaf 27 Oktober het die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele egter, grotendeels vanweë die verstewiging van die dollarprys van goud en van die prys van goudmynaandele, 'n vinnige herstel getoon. Op 31 Oktober was dit reeds 3,0 persent hoër as die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele wat onmiddellik aan die "mini-ineenstorting" in die derde en vierde week van die maand voorafgegaan het. Die groot daling in die aandelepryse gedurende hierdie twee weke het nietemin meegebring dat die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele in Oktober ietwat (naamlik 5,0 persent) laer was as in September 1989.

In die *primêre markte* het die nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte deur die openbare sektor in die derde kwartaal van 1989 R1,6 miljard bedra, teenoor R1,9 miljard in die tweede kwartaal. Maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het in die derde kwartaal van 1989 'n bedrag van R156 miljoen deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte opgeneem, vergeleke met R209 miljoen in die tweede kwartaal. Die uitgifte van gewone aandele deur sodanige maatskappye het skerp toegeneem vanaf R342 miljoen in die tweede kwartaal van 1989 tot R2 084 miljoen in die derde kwartaal. Die eerste groot notering wat uit die privatisering van 'n openbare korporasie voortgespruit het, naamlik die aandele-uitgifte van Yskor Bpk ten bedrae van R3,7 miljard, het op 8 November 1989 sy beslag gekry.

In die *verbandmark* het die bouverenigings in die derde kwartaal van 1989 verbandlenings ten bedrae van R1,4 miljard *uitbetaal*. Dit was 'n beduidend kleiner uitbetalingstotaal as die bedrag van R1,8 miljard in die tweede kwartaal en heel aansienlik minder as die rekordbedrag van R2,7 miljard wat in die derde kwartaal van 1988 uitbetaal is.

Die toename in die bouverenigings se *besit* aan verbandlenings, wat (ná aansuiwing vir die invloed van die samesmelting van 'n bouvereniging met 'n bank in Februarie 1989) van R0,9 miljard in die eerste kwartaal tot R0,6 miljard in die tweede kwartaal gedaal het (laastenoemde bedrag ná aansuiwing vir 'n verdere twee samesmeltings van bouverenigings met banke in April en Junie), het in die derde kwartaal effens verder afgenem, naamlik tot 'n vlak van R0,5 miljard. In teenstelling hiermee het die toename in die bankinstellings se besit aan verbandlenings (ná soortgelyke aansuiwings vir die samesmeltings van banke en bouverenigings) weer teruggekeer na die afwaartse beweging waarmee dit reeds vanaf die vierde kwartaal van 1988 begin het. Die toename in die banke se verbandportefeuille is in die derde kwartaal van 1989 geskat op R0,5 miljard.

Transaksies in vaste eiendom



feulje het in die derde kwartaal van 1989 R1,0 miljard bedra, teenoor die toename van R1,4 miljard wat in die voorafgaande drie maande aangeteken is.

Die waarde van *vaste-eiendomtransaksies* het in die derde kwartaal van 1989 R5,4 miljard beloop, teenoor R5,3 miljard in die tweede kwartaal. Die vlak van hierdie transaksies, wat in die laaste paar maande van 1988 of in die eerste paar maande van 1989 gelyk het asof dit 'n kruin bereik het, was in die derde kwartaal van 1989 nog steeds ongeveer 10 persent hoër as in die derde kwartaal van 1988. Wat die nominale bedrag van hierdie transaksies betref, was dit in die derde kwartaal van 1989 ook omstreeks 2,2 keer so groot as by die onderste draapunt wat in die tweede kwartaal van 1985 deur die handelsbedrywigheid in vaste eiendom bereik is.

Rente- en opbrengskoerse

Die gemiddelde maandelikse *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte*, wat in Mei 1989 tot 17,4 persent verstewig het, het in September tot 16,8 persent afgeneem, grotendeels op grond van die mark se persepsies van die beperkte omvang van die sentrale regering se oorblywendeleenbehoeftes. Daarna het die gemiddelde opbrengskoers op langtermynneffekte op grond van die verhoging van die Bankkoers tot 18 persent vanaf 11 Oktober, marginaal tot 16,9 persent in Oktober verstewig.


Die *reëele rentekoers op langtermynstaatseffekte* het in November 1988 'n hoogtepunt van 3,9 persent bereik. Die versnelling van die inflasie in die loop van 1989, tesame met die beperkte mate waarin die nominale opbrengskoers op langtermynneffekte verstewig het, het vervolgens meegebring dat hierdie koers in September 1989 tot 1,7 persent gedaal het.

Die volgehoudende herstel wat die aandelepryse tot en met die derde kwartaal van 1989 aan die dag gelê het, het meegebring dat die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op alle klasse aandele van 5,6 persent in Junie tot 5,2 persent in September ingekrimp het. Die groot daling in die aandelepryse gedurende Oktober het nie verhinder dat hierdie koers in daardie maand 'n effense verdere daling getoon het nie, naamlik tot 5,1 persent.

Die maksimum toelaatbare finansieringskostekoers (soos dit kragtens die Woekerwet bepaal word) op geldlenings-, krediet- en bruukhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 maar nie meer as R500 000 nie, is in Oktober 1989 van 28 persent tot 30 persent verhoog. Die maksimum koers op kleiner transaksies van tot R6 000 is verhoog van 30 persent tot 33 persent.

Die bouverenigings se oorheersende behuisingsverbandkoers, wat in Junie 1989 tot 19,75 persent verhoog is, is in die daaropvolgende vier maande op daardievlak gehandhaaf. Ná die Bankkoersverhoging van 11 Oktober is hierdie koers in Oktober verhoog tot 20,75 persent, wat in die geval van nuwe lenings on-

Langtermynrente- en -opbrengskoerse



middellik en in die geval van bestaande lenings vanaf 1 Desember 1989 van krag geword het.

Die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande by die banke en die bouverenigings, wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou word, is gedurende die derde kwartaal van 1989 deur albei hierdie groepe instellings op 'n vlak van 16,5 persent gehandhaaf. Ná die Bankkoersverhoging van 11 Oktober is hierdie koers tot 17,0 persent verhoog.

Staatsfinansies

Skatkisuitreikings en -ontvangste

Die toename oor een jaar in die *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (ná die gebruiklike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening) het skerp verlangsaam vanaf sy baie hoë vlak van 33,8 persent in die eerste of Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 tot slegs 15,9 persent in die September-kwartaal. Die toename oor een jaar in hierdie uitreikings in die eerste *helfte* van die fiskale jaar is as gevolg hiervan tot 24,6 persent afgebring; laasgenoemde toenamekoers was klaarblyklik egter nog steeds aansienlik hoër as die toename van 15,0 persent wat in die Begroting van Maart 1989 ten aansien van die staatsbesteding gedurende die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. *Reëel* of ná aanpassing vir die inflasie het die styging oor een jaar in die skatkisuitreikings gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1989/90 'n baie aansienlike 8,3 persent beloop.


Die skatkisuitreikings in die eerste helfte van die fiskale jaar 1989/90 het gelyk gestaan aan 49,4 persent van die totale begrote besteding vir die fiskale jaar

in sy geheel. Alhoewel dit hoér was as in 1988/89 (toe dit 47,8 persent beloop het), was hierdie persentasie-aandeel in die fiskale jaar 1989/90 feitlik presies dieselfde as die persentasie-aandeel wat die uitreikings gedurende die eerste ses maande van elk van die drie fiskale jare van 1986/87 tot 1988/89 *gemiddeld* van die totale besteding gedurende daardie drie jare uitgemaak het.


Die koers van toename oor een jaar in die skatkisuitreikings het in Oktober 1989 weer effens gestyg vanaf die vlak waarop dit in die September-kwartaal te staan gekom het. Die koers van toename in hierdie uitreikings gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1989/90 is daardeur op 23,5 persent te staan gebring. Die huidige aanduidings is derhalwe dat die skatkisuitreikings gedurende die fiskale jaar in sy geheel die begrottingsramings waarskynlik sal oorskry.

Die *skatkisontvangste* in die Junie-kwartaal en in die September-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 het hul teenhangers in die fiskale jaar 1988/89 met 37,2 en 27,2 persent te bove gegaan. Die gemiddelde toename oor een jaar in hierdie ontvangste van 31,2 persent gedurende die eerste *helfte* van die fiskale jaar 1989/90 was dus baie aansienlik groter as die begrote toename in die inkomste van 16,0 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Die groot toename in die skatkisont-

Skatkisrekening



Skatkisontvangste en -uitreikings



Ontvangste deur Sentrale Regering

Persentasietoename

	Begroot vir fiskale jaar 1989/90 ¹	Ontvang in eerste helfte van 1989/90 ²
Doeane- en aksynsregte	12,1	44,1
Inkomstebelasting:		
Goudmyne	-30,1	-33,2
Ander myne	3,9	153,4
Nie-mynboumaatskappye..	17,9	23,7
Individue	19,7	36,5
Algemene verkoopbelasting.	26,4	34,7
Goudmynhuurkontrakte	-24,2	-20,5
Ander ontvangste	-4,3	14,7
Totaal	16,0	31,2

¹ Begrotingsrede, Maart 1989.

² In vergelyking met die eerste helfte van die fiskale jaar 1988/89.

vangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1989/90 vanaf die vlak wat dit die eerste helfte van die fiskale jaar 1988/89 bereik het, het derhalwe gedien as 'n faktor wat die potensiële stimulerende uitwerking van die groot toename in die reële skatkisuitreikings gedurende daardie tydperk wesenlik geneutraliseer het.

Die totale skatkisontvangste in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1989/90 was gelyk aan 52,9 persent van die totale begrote ontvangste vir die fiskale jaar in sy geheel. Dit kan vergelyk word met 'n vlak van hierdie persentasie-aandeel van slegs 50,5 persent in die fiskale jaar 1988/89, en met 'n vlak van hierdie persentasie-aandeel wat in die drie fiskale jare van 1986/87 tot 1988/89 gemiddeld slegs 47,9 persent beloop het.


Die feit dat die toenamekoers in die skatkisontvangste gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1989/90 die begrotingsramings in so 'n beduidende mate oorskry het, kon hoofsaaklik toegeskryf word aan toenames in die ontvangste van doeane- en aksynsregte, van algemene verkoopbelasting, en van inkomstebelasting vanaf maatskappye (behalwe goudmynmaatskappye) en individue, wat groter was as waarvoor in die Begroting voorsiening gemaak is.

Die toenamekoers oor een jaar in die skatkisontvangste het in Oktober 1989 beduidend verlangsaam. Die koers van toename in hierdie ontvangste in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1989/90 het dientengevolge 28,2 persent beloop. Die skatkisontvangste vir die fiskale jaar in sy geheel sal die begrotingsramings na verwagting met 'n aansienlike marge oorskry.

Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossings ten bedrae van R4 650 miljoen in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 is in die September-kwartaal in 'n oorskot van R1 671 miljoen omskep. Die kumulatiewe tekort in

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



die eerste *helfte* van die fiskale jaar het gevvolglik slegs R2 979 miljoen bedra, wat gelyk was aan ongeveer 2,5 persent van die bruto binnelandse produk gedurende daardie tydperk.

Gegewens wat vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1989/90 beskikbaar is, toon dat die tekort van R2 979 miljoen gedurende daardie tydperk, en die diskonto van R2 086 miljoen op nuwe uitgifte van staats-effekte, uit die volgende bronne gefinansier is:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisie	2 062
Nie-bank- private sektor	6 764
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	2 382
Ander banke	-6 069
Buitelandse sektor	-74
	<hr/>
	5 065
Min: Diskonto op staatseffekte	<hr/> 2 086
Totale finansiering	<hr/> 2 979

Die kumulatiewe tekort in die eerste sewe maande (April tot Oktober) van die fiskale jaar 1989/90 het R2 985 miljoen beloop, of slegs 30 persent van die tekort van R9 949 miljoen waarvoor in Maart 1989 vir die fiskale jaar in sy geheel begroot is. Op hierdievlak was die tekort vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1989/90 in werklikheid R452 miljoen kleiner as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1988/89.

Die tekort van R2 985 miljoen wat in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1989/90 aangeteken is, is deur middel van die volgende skuldinstrumente gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte (uitsluitende die diskonto)	6 571
Skatkiswissels	3 756
Buitelandse lenings	-105
Leningsheffing	696
Nie-bemarkbare obligasies	-406
	<hr/>
Totale finansiering opgeneem	10 512
Min: Oordragte na ander rekenings .	563
Min: Toename in kontantsaldo's	<hr/> 6 964
Tekort voor lenings	<hr/> 2 985

Die huidige ramings en vooruitskattings duï daarop dat die uiteindelike tekort vir die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel so min as R8,0 miljard kan beloop, wat gelyk sou wees aan 3,3 persent van die bruto binnelandse produk gedurende die fiskale jaar.

Notes on South Africa's foreign liabilities and assets

Information on South Africa's foreign liabilities and assets as at 31 December 1987 and 1988 is published in this issue of the *Quarterly Bulletin*. These figures are based on data obtained from censuses of foreign transactions, liabilities and assets for 1973 and 1980, which have been updated by means of sample surveys for subsequent years. Data on South Africa's foreign debt as calculated for the Standstill Coordinating Committee are also published as a separate table in this issue of the *Bulletin*. The breakdown of South Africa's foreign liabilities and assets by area is published as at 31 December 1988 only but the information as at 31 December 1987 is available on request from the address on page 2.

Foreign liabilities

After South Africa's total foreign liabilities had increased to a high of R83,5 billion at the end of 1985, they declined to R66,9 billion at the end of 1987 before increasing again to R70,2 billion at the end of 1988, slightly less than the 1986 figure of R71,9 billion. The increase of 5 per cent in South Africa's total foreign liabilities from 1987 to 1988 was mainly accounted for by valuation adjustments arising from the depreciation of the rand. South Africa actually made further net repayments on its foreign debt during 1988.

Total direct foreign investment in South Africa as a percentage of total foreign liabilities continued its downward trend in 1988 after temporary increases were recorded in 1986 and 1987. Such direct foreign investment amounted to 37,4 per cent of total investment at the end of 1988 – down from 38,4 per cent at the end of 1987 and from 47,3 per cent at the end of 1980. This decline in the ratio of direct investment was partly the result of further disinvestment by foreign organisations from South Africa. It could also be attributed, however, to the high proportion of equity capital in direct investment which is denominated in rand and is, therefore, not affected by exchange rate fluctuations.

During 1988 the share of non-bank private sector short-term foreign liabilities in total foreign liabilities declined further to 25,0 per cent from 25,4 per cent at the end of 1987 and as much as 30,7 per cent at the end of 1984.

After investment in South Africa by all the major regions distinguished in this analysis had shown declines in 1987, it rose again in 1988 in line with the increase in total foreign liabilities. During the nineteen-eighties the share of Europe and the Americas in South Africa's total foreign liabilities remained fairly stable; it declined from 90,5 per cent of total foreign liabilities at the end of 1980 to 87,9 per cent at the end of 1988.

Foreign assets

South Africa's total foreign assets increased from R32,1 billion in 1986 to R35,0 billion in 1987 and R35,8 billion in 1988 or by 8,9 and 2,2 per cent, respectively. If the gold reserves are excluded, however, the respective increases for 1987 and 1988 amounted to 5,9 and 8,7 per cent. The increase in foreign assets recorded in 1987 was achieved despite an appreciation of the rand during the year. The depreciation of the rand in 1988, on the other hand, boosted South Africa's total foreign assets in rand terms.

After South Africa's direct foreign investment had slipped back from 55 per cent of total foreign assets in 1985 to 49½ per cent in 1987, it increased again to 50½ per cent in 1988. This increase was mainly brought about by foreign investment in the form of share premium, reserves and undistributed profits.

At the end of 1988 the EEC countries regained their position as South Africa's most important area for foreign investment, after having been temporarily overtaken by North and South America in 1987. South Africa's total foreign investment in these two regions amounted to 64 per cent of its total foreign investment at the end of 1988.

Opmerkings oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates

Inligting oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1987 en 1988 word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op inligting wat uit sensusse van buitelandse transaksies, laste en bates vir 1973 en 1980 verkry is en wat deur middel van steekproefopnames vir daaropvolgende jare bygewerk is. Gegewens oor Suid-Afrika se buitelandse skuld soos dit vir die Stilstands-köördinerende Komitee bereken word, word ook as 'n afsonderlike tabel in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Die ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates volgens gebied word slegs soos op 31 Desember 1988 gepubliseer maar dié inligting soos op 31 Desember 1987 is op aanvraag van die adres op bladsy 2 beskikbaar.

Buitelandse laste

Nadat Suid-Afrika se totale buitelandse laste tot 'n hoogtepunt van R83,5 miljard aan die einde van 1985 toegeneem het, het dit tot R66,9 miljard aan die einde van 1987 afgeneem voordat dit weer tot R70,2 miljard aan die einde van 1988, effens minder as die syfer van R71,9 miljard vir 1986, gestyg het. Die toename van 5 persent van 1987 tot 1988 in Suid-Afrika se totale buitelandse laste is hoofsaaklik verklaar deur waardasie-aansuiwerings wat uit die depresiasie van die rand voortgespruit het. Suid-Afrika het in werklikheid gedurende 1988 verdere netto terugbetalings op sy buitelandse skuld gemaak.

Die totale regstreekse buitelandse belegging in Suid-Afrika as 'n persentasie van totale buitelandse laste het in 1988 sy afwaartse neiging voortgesit nadat daar in 1986 en 1987 tydelik toenames aangeteken is. Sodanige regstreekse buitelandse belegging het aan die einde van 1988 37,4 persent van totale belegging beloop – laer as die 38,4 persent aan die einde van 1987 en as die 47,3 persent aan die einde van 1980. Hierdie afname in die verhouding van regstreekse belegging was gedeeltelik die gevolg van verdere disinvestering deur buitelandse organisasies uit Suid-Afrika. Dit kon egter ook toegeskryf word aan die hoë persentasie eienaarskapitaal in regstreekse belegging wat in rand gedenomineer is en derhalwe nie deur wisselkoerskommelings beïnvloed word nie.

Gedurende 1988 het die aandeel van korttermynbuitelandse laste van die nie-bank- private sektor in die totale buitelandse laste verder gedaal tot 25,0 persent vanaf 25,4 persent aan die einde van 1987 en soveel as 30,7 persent aan die einde van 1984.

Nadat belegging in Suid-Afrika deur al die belangrikste gebiede wat in hierdie ontleding onderskei word in 1987 dalings getoon het, het dit in 1988 weer gestyg in ooreenstemming met die toename in die totale buitelandse laste. Gedurende die tagtigerjare het die aan-

deel van Europa en die Amerikas in Suid-Afrika se totale buitelandse laste taamlik stabiel gebly; dit het van 90,5 persent van die totale buitelandse laste aan die einde van 1980 tot 87,9 persent aan die einde van 1988 gedaal.

Buitelandse bates

Suid-Afrika se totale buitelandse bates het van R32,1 miljard in 1986 tot R35,0 miljard in 1987 en R35,8 miljard in 1988, of met onderskeidelik 8,9 en 2,2 persent, toegeneem. Indien die goudreserves uitgesluit word, het die onderskeie toenames vir 1987 en 1988 egter 5,9 en 8,7 persent beloop. Die toename in die buitelandse bates wat in 1987 aangeteken is, is behaal ten spyte van die appresiasie van die rand gedurende die jaar. Daarteenoor het die depresiasie van die rand in 1988 Suid-Afrika se totale buitelandse bates in rand opgestoot.

Nadat Suid-Afrika se regstreekse buitelandse belegging van 55 persent van totale buitelandse bates in 1985 tot 49½ persent in 1987 teruggesak het, het dit in 1988 weer tot 50½ persent toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik deur buitelandse belegging in die vorm van aandelepremie, reserves en onverdeelde winste teweeggebring.

Aan die einde van 1988 het die EEG-lande hul posisie as Suid-Afrika se belangrikste gebied vir buitelandse belegging herwin, nadat hulle in 1987 tydelik deur Noord- en Suid-Amerika verbygesteek is. Suid-Afrika se totale buitelandse belegging in hierdie twee gebiede het aan die einde van 1988 64 persent van sy totale buitelandse belegging verteenwoordig.